

Vra ons jou vrae

1. Wie kan om vergoeding aansoek doen?

Huidige en voormalige mynwerkers wat gedurende die kwalifiserende tydperk van 12 Maart 1965 tot 10 Desember 2019 risikowerk by 'n kwalifiserende goudmyn verrig het en wat weens die uitvoering van sodanige werk werkverwante TB of silikose opgedoen het.

[Hier is 'n lys kwalifiserende goudmyne en tydperke.](#)

2. Hoe en waarom is die datum 12 Maart 1965 gekies?

Hierdie datum is gekies omdat dit met 'n nuwe regulatoriese rigsnoer saamval wat ingevolge die Wet op Myne en Bedrywe, Wet 27 van 1956, in werking tree ("Nkala and Others v Harmony Gold Mining Company Limited and Others, Paragraph 51").

3. Waarom is 10 Desember 2019 as effektiewe datum gekies?

Dit is die dag waarop daar aan die finale opskortende voorwaarde tot die skikkingsooreenkoms voldoen is. In hierdie geval moes die ouditeure kennis aan die mense gee wat van die skikking onttrek het.

4. Hoe gaan ek na of ek kwalifiseer?

U kan u besonderhede op <https://www.tshiamisotrusted.com/status-check/> nagaan of ons hulpentrum skakel by **080 1000 420** as u in Suid-Afrika is, of **00 27 10500 6186** as u buite Suid-Afrika is.

5. Kan 'n kontrakteur wat gedurende 'n kwalifiserende tydperk by 'n kwalifiserende goudmyn gewerk het, 'n eis indien?

Ja, indien u werkverwante TB of silikose opgedoen het terwyl u tydens 'n kwalifiserende tydperk by 'n kwalifiserende goudmyn risikowerk verrig het.

6. Wat is risikowerk?

Risikowerk is mynwerk wat 'n mynwerker aan silikastof blootstel wat potensieel silikose en TB veroorsaak. Silika kom in goudertsliggame voor en wanneer dit gemyn word, word stof vrygelaat wat silika bevat. Mynwerkers wat in goudmyne, ondergronds of in stowwerige omgewings op die oppervlak werk, word die meeste aan silikastof blootgestel.

7. Geld hierdie vergoeding slegs vir mynwerkers wat ondergronds gewerk het?

Nee, dit geld vir alle mynwerkers wat tussen 12 Maart 1965 en 10 Desember 2019 silikose of kardiorespiratoriese TB opgedoen het weens die verrigting van risikowerk by een van die kwalifiserende myne en wat as gevolg daarvan aan permanente respiratoriese gestremdheid ly. Risikowerk kan sekere tipes oppervlakwerk insluit waar mynwerkers aan silikastof blootgestel is.

8. Kan ek namens my oorlede ouer eis?

Ja, afhanklikes of die eksekuteur van die bestorwe boedel kan 'n eis indien. Let egter daarop dat 'n eis vir 'n mynwerker wat voor 10 Desember 2019 gesterf het slegs geldig sal wees indien die hooforsaak van dood aan silikose of TB toegeskryf word, of as daar 'n goedgekeurde ODMWA ("Occupational Diseases in Mines and Works Act")-sertifikaat of ander uitsonderings is. Kontak ons hulpentrum om uit te vind watter dokumente u nodig sal hê.

9. Betaal ek om 'n eis in te dien of om die verwerking van my eis te bespoedig?

Nee, die Trust se eisproses is gratis. Moet niemand betaal om 'n eis in te dien of wat u beloop om u eis te bespoedig nie. Slegs die Trust se amptenare word deur die Trustakte gemagtig om eise te help verwerk en te bepaal of 'n eis aan die vereistes vir vergoeding voldoen. Die enigste koste wat eisers DALK sal moet betaal, is vir die mediese ondersoek vir voordele (BME), MAAR slegs INDIEN die mynwerker minder as vyf jaar se risikowerk by 'n kwalifiserende myn gedoen het. Hierdie koste sal egter terugbetaal word as dit bevind word dat die

Vra ons jou vrae

mynwerker medies kwalifiseer. Dit word in die Trustakte gestipuleer.

10. Het die Trust al enige eise betaal?

Ja, ons betaal reeds eise sedert Desember 2020. Ons vordering kan hier gesien word: <https://www.tshiamisotrusted.com/information/progress-report/>.

11. Waarom neem eise lank?

Die Trust ontvang duisende eise en elke eis volg die 8-stap proses soos in die Trustakte gestipuleer word. Die proses is besonder deeglik en verg baie tyd van die klein toegewyde span. Klik op die skakel om die 8 stappe te sien: <https://www.tshiamisotrusted.com/information/how-to-claim/>

12. Wat beteken ongekwalifiseer?

Dit beteken u eis is onsuksesvol en voldoen nie aan die vereistes soos in die Trustakte uiteengesit word nie. Dit kan om verskeie redes wees wat u sal kan sien op die skakel wat u in die SMS sal ontvang.

13. Waarom kwalifiseer ek nie terwyl die MBOD (Mediese Buro vir Beroepsiektes) my vir TB/silikose uitbetaal het?

Die MBOD en die Tshiamiso Trust is twee onafhanklike organisasies, elk met sy eie beleid en vereistes waaraan voldoen en wat gevolg moet word vir 'n eiser om vir vergoeding by die een of die ander organisasie, of albei, te kwalifiseer.

14. Watter vereistes word gevolg om te bepaal hoeveel ek sal ontvang?

Die toekenning sal afhang van die erns van die permanente respiratoriese gestremdheid wat deur die mynwerker se beroepsverwante longsiekte veroorsaak is wat vir vergoeding kwalifiseer, sowel as sy of haar diensgeskiedenis by kwalifiserende en niekwalifiserende myne.

15. Is die vergoeding herhalend as dit bevestig word dat ek TB of silikose opgedoen het?

Nee, dit is 'n eenmalige betaling. Indien dit egter bevind word dat u medies nie kwalifiseer nie, kan u 'n verdere eis indien sou u glo dat u sedertdien TB of silikose ontwikkel het. Die koste van die mediese ondersoek vir die tweede eis moet deur die eiser betaal word. Hierdie koste sal egter terugbetaal word indien dit bevind word dat die mynwerker medies kwalifiseer. Dit word in die Trustakte gestipuleer.

16. Wat doen die Trust om kwalifiserende eisers op te spoor?

Die Trust raadpleeg gereeld mynwerkersverenigings, die staat, gemeenskapsorganisasies, TEBA en ander sleutelbelanghebbendes wat deurslaggewend is om hulp te verleen in die taak om mynwerkers op te spoor. Ons gebruik ook verskillende sosiale media-platforms.

17. Word die Trust beperk ten opsigte van die getal indienings of eise wat dit aanvaar en verwerk?

Daar is geen beperking op die getal indienings wat ons aanvaar nie. Enige kwalifiserende eiser wat 'n kwalifiserende eis het soos dit deur die Trust geverifieer en bevestig is, sal die vergoeding ontvang waarop hy of sy geregtig is.

18. Kan ek ook 'n eis by die Tshiamiso Trust indien as ek by die Qhubeka Trust geëis het?

Nee, die vergoeding wat deur die Tshiamiso Trust beskikbaar is, geld nie vir diegene wat deel van die Qhubeka Trust en Blom-sikking was nie, en ook nie vir die paar mense wat tydens die onttrekkingstydperk laat in 2019 besluit het om aan die sikking te onttrek nie.

19. Hoe werk die Tshiamiso Trust en die Mediese Buro vir Beroepsiektes ("MBOD") saam?

Die Trust werk saam met die MBOD om inligting oor kwalifiserende eisers te bekom wat voorheen eise om vergoeding by die MBOD ingedien het. Ons probeer dit ook vermy om moeite te dupliseer in verband met eisers wat daarop geregtig is om voordele by sowel die Trust as die MBOD te ontvang.